## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**


DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 24 APRIL 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdh. SR Claassen | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. EJ Bothma | : | Direkteur Tegniese Dienste – waarnemend |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/04/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna 'n spesiale verwelkoming gerig word aan die leerders van Hoërskool Piketberg wat Vrydag 20 April 2018 aan die Eisteddfod deelgeneem het en uitstekend presteer het.

Een van die leerlinge, Me. Cloete, lewer 'n gedig as openingsgebed, waarna die Speaker haar bedank.

Die Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onderburgemeester en Raadsdame Smit oorhandig 'n geskenkie aan elke leerder, waarna 'n fotosessie plaasvind, en die leerders die vergadering verlaat.

***

**RVN002/04/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer van Rooy – verskoning
Raadslid du Plooy – verskoning
Raadsheer Swart – verskoning
Direkteur Tegniese Dienste – verlof

***

**RVN003/04/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/04/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 MAART 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 27 Maart 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (AA SOMERS)***

***

**RVN005/04/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 MAART 2018**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder bied verskoning aan oor die onvolledige verslag en meld dat 'n opgedateerde verslag aan die Raadslede versprei sal word.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat 'n opgedateerde implementeringsverslag aan die Raad elektronies versprei word teen Donderdag 26 April 2018.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**RVN006/04/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN007/04/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Dat 'n werkswinkel op Woensdag 02 Mei 2018 in die Raadsaal gereël is vir alle Raadslede tesame met die Strategiese Dienste-afdeling en beskikbare Amptenare ten opsigte van die wysigings aan die konsep Wykskomitee-beleid; en
- Dat alle Raadslede en relevante Amptenare die sessie bywoon, sodat alle insette/kommentare in die konsepbeleid bygewerk kan word vir oorweging.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

Sy gee breedvoerig terugvoer rakende die vergadering wat op Vrydag 13 April 2018 met die Nasionale Departement Waterwese plaasgevind het.

Sy meld verder dat Piketberg, Velddrif en Dwarskersbos se waterbesparing 50.6% is vir Maart 2018 en bedank die inwoners vir hul samewerking.

Sy versoek dat alle Wyksraadslede die breër gemeenskap bedank vir hul samewerking rakende die waterbesparing.

Raadsdame Smit versoek die Portefeulje Voorsitter van Tegniese Dienste om ondersoek in te stel na die diversifisering van waterbeperkings in Bergrivier Munisipaliteit.

**KENNIS GENEEM**

**RVN008/04/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/04/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVA010/04/2018**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN011/04/2018**
**PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 57 POSTE VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 2017 TOT 31 DESEMBER 2017**
**4/7/6**

Die Munisipale Bestuurder hou die verslag voor, ter inligting aan die Raad.

Sy meld dat aangewysde Wykskomiteelede die prestasie beoordelingsproses kan bywoon op 'n rotasie basis.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie Beoordeling van Artikel 57 poste vir die tydperk 1 Julie 2017 tot 31 Desember 2017.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN012/04/2018**
**VERMINDERING VAN TARIEWE VIR GRONDGEBRUIKAANSOEKE VIR BEWAARSKOLE**
**15/3/8**

***('n Vervangende bladsy word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en gee agtergrond, waarna hy die aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorlees.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Munisipale Bestuurder lewer kommentaar oor die wetlike vereistes verbonde aan die plasing van kennisgewings/registrasies in koerante en versoek dat die Wykskomiteelede spesifiek kommentaar lewer op kwessies oor grondgebruikaansoeke.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die tariewe vir grondgebruiksbeplanning vir 2018/2019 soos op die gewysigde BYLAE D in die verslag in beginsel goedgekeur word en dienooreenkomstig opgeneem word in die 2018/2019 begrotingsproses;
2. Dat die vorige tydperk van 30 April 2018 verleng word na 30 Junie 2018 en administratief afgehandel word;
3. Dat goedkoper maniere ondersoek word vir die plasing van advertensies in die Weslander en Die Courant; en
4. Dat oorweging geskenk word om advertensies slegs een (1) keer in die plaaslike koerante te adverteer.

***BESTUURDER: BEPLANNING & ONTWIKKELING***

***

**RVN013/04/2018**
**2017/18 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 3: 1 JANUARY – 31 MARCH 2018 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5/5**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion, whereafter she and the Directors explained to Council the red and orange indicators in the report.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

1. That the quarterly performance report for Quarter 3 (1 January – 31 March 2018) be noted; and
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN014/04/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 15 MAART 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 15 Maart 2018.

***

**RVN015/04/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 27 MAART 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 27 Maart 2018.

***

**RVN016/04/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN017/04/2018**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN018/04/2018**
**<u>BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

**

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:15*

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

**_VOORSITTER_**
**_(SPEAKER)_**

BERGRIVIER
29 MAY 2018
**_DATUM_**
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT